## Hoe raak dit jou en jou gemeenskap?

**Veranderinge aan die omgewing (veroorsaak deur klimaatsverandering) kan negatiewe (ongunstige) gevolge inhou vir jou en jou gemeenskap.**

Byvoorbeeld, 'n droogte in jou gebied beteken daar is min of geen water. Dit beteken jy kan nie jou groentetuin natmaak nie, en jou groente kan doodgaan. Jy het dan minder of geen groente om te eet of om te verkoop.


## Wat beteken dit om klimaatsaksie te neem?

**Klimaatsaksie beteken dat jy en jou gemeenskap stappe neem om op klimaatsverandering te reageer, om die risiko's wat julle in die gesig staar te verminder, of om die skade wat reeds aangerig is, aan te spreek.**

- Gebruik die wet om jou regte op grond, die oseaan en ander hulpbronne te beskerm.
- Neem deel aan besluitnemingsprosesse, soos openbare vergaderings oor nuwe ontwikkelings of beleide.
- Organiseer jou gemeenskap om bewustheid te skep, veerkragtigheid te bou en aksie te vereis.
- Deel kennis en ondersteun ander wat ook werk vir klimaatsgeregtigheid.



# STAAN SAAM



**Klimaatsverandering is nie net 'n abstrakte konsep of iets wat eers in die toekoms gaan gebeur nie. Die gevolge en impak daarvan gebeur reeds nou en raak individue en gemeenskappe regoor die wêreld.**

Wanneer gemeenskappe die impak van klimaatsverandering verstaan, en die wette wat die omgewing en hul regte beskerm, kan hulle klimaatsaksie neem – en hulle kan ook die omgewing help beskerm.

**Ons nooi jou en jou gemeenskap uit om deel te wees van 'n groeiende beweging van mense wat klimaatsaksie neem en bydra tot 'n regverdige, gelyke en gesonde samelewing.**




**Vir meer inligting, besoek:**
**www.naturaljustice.org**

NATURAL JUSTICE

# Verstaan Klimaatsverandering
## *en tree op*




*Hoekom verander die klimaat? Hoe raak dit jou en jou gemeenskap?*

*Wat is belangrik, en watter stappe kan jy neem om negatiewe gevolge te verminder en om 'n gesonde klimaat vir die volgende generasies te verseker?*

**Ontwikkel deur Natural Justice in Julie 2025**

## Wat is klimaatsverandering?

**Klimaatsverandering is die aansienlike langtermynverandering aan normale weerpatrone as gevolg van veranderinge in die atmosfeer. Dit beteken dat die weer wat ons normaalweg verwag, soos reën, wind, hitte en koue, oor 'n lang tydperk besig is om te verander.**

Veranderinge in weer van jaar-tot-jaar is normaal, maar wetenskaplikes sê vir ons dat die veranderinge wat ons tans in ons weerpatrone sien, nie deel is van die gewone "natuurlike siklus" nie. Hierdie veranderinge kom al hoe meer voor, en is ernstiger en meer intensief.

Voorbeeld: As jou gemeenskap gewoonlik baie reën in die winter kry, maar vir 'n paar winters agtermekaar minder of geen reën nie, kan jou gebied 'n droogte ervaar. Dit kan skadelik wees vir gewasse, diere en waterbronne.

*Klimaatsverandering beïnvloed die hele wêreld, en baie gemeenskappe ondervind reeds die gevolge daarvan.*

## Hoekom verander die klimaat?

**Die klimaat verander as gevolg van kweekhuisgasse wat deur menslike aktiwiteite vrygestel word. Hierdie gasse sluit koolstofdioksied ($CO_2$) en metaan in. Kweekhuisgasse bou vinniger in die atmosfeer op as wat die aarde natuurlik kan hanteer.**



Koolstofdioksied is deel van 'n natuurlike siklus. Mense en diere stel dit vry, en plante neem dit op. Maar nou, deur die verbranding van fossielbrandstowwe soos steenkool, olie en gas, stel ons te veel $CO_2$ in die atmosfeer vry.


Te veel kweekhuisgasse beteken dat hitte van die son in ons atmosfeer vasgevang word. Dit veroorsaak dat die aarde se oppervlak warmer word as wat dit behoort te wees.

Ons wil nie hê die aarde se oppervlak moet te warm word nie, want dit ontwrig natuurlike siklusse en veroorsaak veranderinge in die klimaat.

Wetenskaplikes sê vir ons dat die aarde se natuurlike stelsel te vinnig opwarm. Ons planeet het sedert industrialisering in die 1800's vinnig begin opwarm met die gebruik van fossielbrandstowwe in grootmaat.

Daar word vir ons gesê dat ons temperatuurstyging wêreldwyd onder 1,5°C (in vergelyking met vlakke voor industrialisering) moet hou om 'n katastrofe te voorkom. 'n Styging van 2°C sal ernstige gevolge vir die planeet inhou.

**Ons moet nou optree.**



**Die International Panel on Climate Change*



## Wat dra by tot kweekhuisgasvrystellings

**Enige nywerheid of aktiwiteite wat fossielbrandstowwe verbrand om energie te produseer, stel kweekhuisgasse vry. Die gebruik van energiebronne, soos elektrisiteit en die verbranding van steenkool, hout, olie of gas, veroorsaak die vrystelling van koolstofdioksied.**

*Ten spyte van internasionale druk doen lande en maatskappye nie genoeg om vrystellings te verminder nie.*

**Voorbeelde van nywerhede en sektore wat bydra tot koolstofvrystellings:**



### Energie

Wanneer steenkool, diesel, gas of ander fossielbrandstowwe gebruik word om elektrisiteit op te wek stel kweekhuisgasse vry. In Suid-Afrika word die meerderheid van ons elektrisiteit opgewek deur steenkool-aangedrewe kragstasies wat groot hoeveelhede CO2 vrystel. Sommige mense sê dit is beter om elektrisiteit met natuurlike gas op te wek, maar natuurlike gas stel metaan vry, wat oor 'n tydperk van 20 jaar tot 80 keer meer hitte vasvang as dieselfde hoeveelheid CO2.



### Vervoer

Die gebruik van petrol en diesel om voertuie, skepe en vliegtuie aan te dryf stel $CO_2$ vry (petrol word gemaak van ru-olie).



### Landbou

Vee, dierevoer en kunsmis stel metaan en ander kweekhuisgasse vry.